# Luukse, privaat studentehuise in Orania

Op soek na ’n gemaklike plek waar jy kan studeer, ontspan en tuis voel? Ons nuwe, volledig gemeubileerde studentehuise bied plek vir drie tot hoogstens ses studente per huis. Elke huis is ’n selfstandige woning met sy eie kombuis, sitkamer, swembad en lapa.

Die huise is sentraal geleë naby die dorp se sportvelde, ongeveer 15 minute se stap vanaf Bo-Karoo Opleiding.

## Kamerkeuses en pryse

| Kamerkeuse | Per student / jaar | Per maand | Deposito |
|---|---|---|---|
| Gedeelde kamer (2 studente) | R33 000 | R2 750 | R2 750 |
| Privaat kamer (1 student) | R39 500 | ±R3 291,67 | R3 291,67 |

Elke slaapkamer is ingerig met twee boxspringbeddens, twee lessenaars en twee klerekaste. ’n Student wat ’n privaat kamer kies, het die kamer vir haarself.

## Wat is ingesluit?

| In die huis | Buite en dienste |
|---|---|
| Meubels, gordyne en volledig toegeruste slaapkamers | Privaat swembad |
| Kombuis met yskas, vrieskas, oond en induksiekookplaat | Lapa met braaigeriewe |
| Breekware, eetgerei, ketel en ander kombuisbenodigdhede | Tuintafels, stoele en sonstoele |
| Eettafel met ses stoele | Gratis Wi-Fi |
| Sitkamer met sespersoonbank en televisie | Elektrisiteit en water by normale gebruik* |
| Twee storte, drie toilette en drie wasbakke | Dorpsraadheffings |

Hier kan studente hul eie privaat ruimte geniet én saam met huismaats kook, studeer en ontspan. Die huis is gereed om in te trek: bring jou persoonlike besittings en maak dit jou nuwe tuiste in Orania.

BKO-aansluitingsfooi: ’n Aansluitingsfooi van R1 000 is direk aan Bo-Karoo Opleiding betaalbaar om deel van ’n BKO-koshuis te vorm. Hierdie fooi is nie by die huur van ons privaat studentehuise ingesluit nie.
*Elektrisiteit en water is by normale huishoudelike gebruik ingesluit. Die bepalings vir buitengewone verbruik word in die huurooreenkoms uiteengesit.